"The whole university – from top management to departments and units – must put disability matters firmly on their meeting agendas and plan for students with special learning needs in a proactive rather than the mostly reactive way that currently pervades institutions."

While it is important to be inclusive and practice universal design in all that we do, Lyner-Cleophas is not living in utopia. She knows that it is expensive to provide physical, human and technological support to students with disabilities and that limited funding hampers the campus from becoming

fully accessible overnight.

Recently, the Office together with Facilities Management applied for and received funding from the Department of Higher Education and Training for infrastructure and technology upgrades at SU during 2013. Further funding provided by the University brought the total figure to R12,7 million.

The funds will be used for the construction of lifts – which cost about R1 million each – and ramps leading up to buildings on campus.

Lyner-Cleophas believes that universities who are trying to become more accessible should receive special funding and incentives to do so.

"We have to face the fact that if you want to be inclusive, it does come at a financial cost. The international trend is that state education departments allocate a portion of their student subsidies to universities for the support of disability inclusion."

While institutions can make changes within their own structures and equip and prepare students for the realities of the workplace and the world, Lyner-Cleophas believes that society, in particular South African society which is grounded in a culture of human rights awareness, needs to re-examine how it views people with disabilities in all facets of society.

"Disability is to a degree a social construct. There are many disabled people who feel that disability is only an

*We have to face the fact that if you want to be inclusive, it does come at a financial cost. The international trend is that state education departments allocate a portion of their student subsidies to universities for the support of disability inclusion.*

impairment and that they are disabled by society through the lack of universal access to buildings or transportation, the availability of enlarged reading material or Braille, as well as through the negative attitudes and stereotyping of disabled people. Being excluded from social events due to buildings not being equipped with loop systems or the lack of Sign Language interpreters are further disabling for many people with disabilities."

# 'n Plan vir die toekoms

'n Transformasieplan vir die US is in 2013 deur die Universiteitsraad goedgekeur. ILSE ARENDSE het met Monica du Toit, koördineerder van die US se Sentrum vir Inklusiwiteit, hieroor gesels.

## Wat behels die US se transformasieplan?

Transformasie aan die US word gesien as 'n kombinasie van demografiese veranderinge en 'n verskuiwing in die institusionele kultuur. Hierdie verskuiwing impliseer 'n verandering na 'n meer toeganklike, inklusiewe, deelnemende en verteenwoordigende instelling. Die idee van inklusiwiteit en verteenwoordiging verwys onder meer na ras en etnisiteit, maar sluit ook in geslag, ongeskiktheid, taal, seksuele oriëntasie en geloof, asook kenmerke soos sosio-ekonomiese en akademiese status.

Die demografie van die studente en personeel en die institusionele kultuur word beskou as belangrike boustene om die institusionele uitsette van navorsing, leer en onderrig en gemeenskapsinteraksie te transformeer.

Die institusionele kultuur bestaan uit die volgende: 'n inklusiewe leer- en leefomgewing; leierskap en bestuur en beheer; die institusionele klimaat en kommunikasie; en gelyke indiensneming.

Die aanbevelings sluit in die toewysing van hulpbronne, belyning met institusionele waardes en spesifieke aksies vir elk van die elemente.

Hierdie aksies wissel van werwing en inskrywingsbeplanning tot veranderinge in kampusaanwysings en protokolle vir openbare geleenthede.

## Watter impak sal dit op die personeel en studente hê?

Die plan beoog om die verteenwoordiging van swart, bruin en Indiese vroue en personeel, asook studente met gestremde te verhoog. Hierdie transformasie



Monica du Toit Foto: JUSTIN ALBERTS

sal egter betekenisloos wees as ons nie krities betrokke is in die praktyke wat institusionele mag en toegang tot netwerke en geleenthede toewys nie. Uiteindelik sal toeganklikheid, verteenwoordiging en deelname elke personeel en student die geleentheid bied om 'n stem te hê en om praktyke en beleide ten goede te verander.

## Moet transformasie nie 'n natuurlike, ontwikkelende proses wees nie?

Dit is in baie opsigte die moeilikste om die praktyke waaraan ons so gewoond is dat ons dit geensins "anders" sou oorweeg nie, krities te beskou. Die plan maak dit dus vir ons moontlik om ons alledaagse praktyke en beleide teen die beginsel van inklusiwiteit te bevraagteken en te evalueer.

## Hoe sal dit geïmplementeer word?

Dit is belangrik dat transformasie nie die verantwoordelikheid van 'n enkele eenheid of selfs van die bestuur is nie. Die Sentrum vir Inklusiwiteit sal funksioneer as 'n koördinerende eenheid om institusionele transformasie te kommunikeer, bestuur, monitor en daarop verslag te doen. Dit sal met die fakulteite saamwerk om te ondersoek watter veranderinge voorrang moet geniet en watter ondersteuning benodig sal word om volhoubare verandering te verseker.

## Hoe sal die sukses daarvan gemeet word?

Transformasie is nie 'n enkelvoudige bestemming nie, maar 'n manier om leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie te benader.

Ons sal dus verskeie stukke werktuie benodig om veranderinge in praktyke en beleide te meet. Wat ons wil meet is vooruitgang, impak en hoe dit tot ons sleutel-uitkomst 'n bydrae maak, eerder as wat ons sukses wil meet.

## Sommige glo dat die US genoeg getransformeer het, terwyl ander glo daar is nog baie wat moet gebeur. Wat dink jy?

Indien 'n mens transformasie beskou as 'n poging om een rasekategorie met 'n ander een te vervang, sal dit bloot 'n getaltespeletjie wees om 'n minimum vereiste te behaal en dan sal dit op 'n spesifieke punt stop. Die idee dat ons nog glad nie getransformeer het nie, is ook moontlik op te eng 'n definisie van verandering gebaseer.

Verandering het wel plaasgevind met betrekking tot sommige aspekte van ons instelling. Transformasie aan die US is veral betekenisvol omdat dit in vele opsigte die historiese ekstreme van eksklusiwiteit en die beweging na inklusiwiteit verteenwoordig. Totdat die lig opgaan dat baie institusionele tradisies eenvoudig nie eerste-generasie personeel en studente help om vrylik deel te neem nie, is daar werk wat gedoen moet word.

## Wat van dié met 'n negatiewe siening van transformasie?

Ons moet kritiese gesprekke oor ons verskillende interpretasies van transformasie aanmoedig. As ons nie die vrese van al die betrokkenes volkome verstaan en 'n ondersteunende ruimte bied waarbinne ons met mekaar betrokke kan wees nie, sal ons in 'n wen-of-verloor-speletjie betrokke wees.

Ons kan nie blindelings alle aksies as transformeerend aanvaar nie, maar kan ook nie meer belang aan tradisies en sentiment as aan gelykheid toeskryf nie.

# Chemistry in action

Chemistry teachers and learners at under-resourced schools recently had the opportunity to experience a proper chemistry laboratory as part of a community interaction project of the Department of Chemistry and Polymer Science. JOANNE WILLIAMS reports.

Teaching and studying chemistry at an under-resourced high school is a frustrating endeavour for both teachers and learners. Doing practical work in a proper laboratory is often not possible. But a community interaction project by SU's Department of Chemistry and Polymer Science plans to change this.

The SUN Chemistry Outreach Initiative – or SUNCOI, as it is known – was initiated by Dr Rehana Malgas-Enus and Prof Klaus R. Koch of the Department of Chemistry and Polymer Science.

The aim was to assist disadvantaged high schools with their prescribed chemistry practicals by inviting learners and their teachers to conduct their experiments in one of the University's fully equipped laboratories.

Not only was the goal to provide much needed infrastructure support, but also to develop a deeper understanding of the conceptually challenging topics of their prescribed syllabus.

Malgas-Enus feels passionate about this initiative because she comes from a similarly disadvantaged background to most of the learners participating in this project. Although many disadvantaged schools have dedicated physical sciences teachers, there is unfortunately no lab space or chemicals to do the prescribed practical work which form an essential part of the learner's assessment. This situation leads to a decline in the number of learners in physical sciences, ineffective practical work and a lack of confidence on the part of teachers in doing practical work.

The pilot practical took place in



Even rainy weather and thunder storms could not keep the Metropole South District's teachers away from the SUNCOI Teachers' Workshop on 16 November 2013.

May 2013. Grade 11 learners from three disadvantaged Stellenbosch schools – Kylemore, Lückhoff and Cloetesville high schools – were invited to do their prescribed chemistry practical work at SU. The day was successful since the learners managed to link the theoretical concepts to the practical experiments. Learners expressed their excitement at being in a real chemistry laboratory for the first time, and said the lecturers had stimulated their interest in the subject.

"In a bid to reach more learners, it was decided that teachers' workshops would be beneficial to both teachers and learners" says Koch. In November 2013, two teachers' workshops were presented in collaboration with the Western Cape Education Department. A total of 44 teachers from the Cape Winelands district and 48 teachers from the Metropole South District underwent training for Grade 12 chemistry practical work.

Nadjmah Abrahams, a teacher at Oracle Academy, said: "Thank you for a hardworking but enjoyable Saturday of

chemistry. The practical sessions were well organised and we could clearly see how much preparation was done."

In future, SU's Faculty of Education will also be collaborating by including their students in future practical workshops. Their participation would provide them with hands-on training in laboratory skills as well as designing practical experiments.

The three schools will be evaluated over a period of three years to determine whether this project has had a beneficial impact on them. This process will be designed and implemented by Drs Liezel Retief and Ilse Rootman-Le Grange, newly appointed academics in education research in the Department of Chemistry and Polymer Science.

"We hope that by making this initiative sustainable we will be able to inspire more learners to firstly do physical sciences as a subject at school, and secondly to motivate them to study sciences at a tertiary level. We need more teachers, scientists and engineers in South Africa," says Malgas-Enus.

# Kuns hier, kultuur daar



Die Jaloersbökkies tree op die US Woordfees op.

Vanjaar is die vyftiende US Woordfees se tema "Kuns hier, kultuur daar – siedaar, 15 jaar!"

Die fees word van 6 tot 16 Maart 2014 in Stellenbosch gehou.

Na aanleiding van die gewilde kulkunstenaar Martino se bekende frase "Kul jou hier, kul jou daar – en siedaar!" word die wonder van die woord luisterryk gevier, maar ook die merkwaardige groei van hierdie gewilde fees oor die afgelope 15 jaar, aldus die organiseerders.

Prof Dorothea van Zyl, wat in 2014 vir die laaste keer as feesdirekteur by die Woordfees betrokke is, vertel dat 'n vyftal dosente, twee van die Departement Afrikaans en Nederlands, en drie van Drama, kennelik in 1999 iets reg ingeskat het toe hulle oor 'n Woordfees begin droom het wat van letterkunde "lekkerkunde" sou maak en van skrywers sterre.

"Destyds was boeke laag op die enkele feeste se ranglys, as aanbiedings met 'n baie skrale opkoms. Deesdae is daar oral literêre feeste en ander boekgeleenthede, en het skrywers inderdaad sterre geword namate mense gefassineer word deur die wonderwêreld van woorde," sê

Van Zyl.

In die afgelope 15 jaar het die US Woordfees ook gegroei tot 'n nasionale kunstefees. Waar in 2000 begin is met 1 000 feesgangers, is in 2013 meer as 101 000 feesbesoekers (aantal besoekers per keer per lokaal) aangeteken, met 'n besonder hoë gemiddelde bywoningsyfer van 74%. In 2011 het die US Woordfees die eerste kykNET Fiesta-prys ontvang as gewildste kunstefees.

Vanjaar se program is weer propvol teater en musiek ook. Die dramafees spog met produksies waarin bekende akteurs soos Brümilda van Rensburg, Lizz Meiring, Tobie Cronjé en Marius Weyers speel. Daar is ook die Silwerskerm-kortfilmfees van plaaslike rolprente.

Van die musiekproduksies wat gewild behoort te wees is *Jaloersbökkies* met Jawaahier Petersen (dogter van Taliep Petersen), asook konserte met Emo Adams, Brandon October en Jak de Priester.

Onder die skrywers wat op die fees van hul skryfwerk vertel, is Kerneels Breytenbach, Annelie Botes, Riana Scheepers en Adam Small.

• Die volledige program is beskikbaar by [www.woordfees.co.za](http://www.woordfees.co.za).

## • Etenstyd

In Stellenbosch is daar beslis geen tekort aan buitelig-restaurante vir die somermaande nie, maar vir dié van julle wat nie te ver in die hitte wil stap nie, is die Katjiepiering-restaurant net die regte plek vir 'n bietjie koele lafenis.

Katjiepiering is in die Botaniese Tuin van die Universiteit geleë – 'n pragtige en rustige omgewing is dus 'n gegewe.

Op hul somerspyskaart is daar gewoonlik tradisionele ontbyt, maar vir diegene wat hul gewig dophou, is daar ook 'n gesonde ontbyt-opsie.

Ook beskikbaar is kraakvars slaai, ligte etes en moenie die koffie en koek vergeet nie.

Ná ete kan jy boonop deur die mooie Botaniese Tuin loop en ontspan.

Katjiepiering is egter nie net vir somermaande nie. In die winter kan jy binnenshuis kuier in die knus atmosfeer van dié eertydse opname-ateljee, waar jy onder meer kan weglê aan sop of bredies.

Dié restaurant is daagliks oop vanaf 08:00 tot 17:00.



## • Read

Researchers, the legal fraternity and climate change activists are set to benefit greatly by the two-volume publication *Climate Change: International Law and Global Governance*.

The book was launched in November to coincide with the launch of the Development of the Rule of Law Programme (DROP), a newly established research unit at SU. The Stellenbosch University Water Institute and DROP hosted the event.

*Climate Change: International Law and Global Governance* by Oliver Ruppel, Christian Roschmann and Katharina Ruppel-Schlichting, is one of the first academic attempts to systematically

*address both international climate change law and global climate change governance.*

address both international climate change law and global climate change governance. The publication explores these areas from a variety of doctrinal, trans-disciplinary and thematic perspectives."

Dit is 'n nuwe jaar en tyd vir nuwe ervarings. Al is die Katjiepiering-restaurant al lank in Stellenbosch, loer beslis weer in om dit opnuut te beleef. Luister ook 'n album wat in die Konservatorium se Endlersaal deur 'n oudstudent opgeneem is. En US-akademici skryf oor klimaatsverandering en die wet in 'n nuwe boek.

## • Luister

Die gewilde plaaslike sopraan Zanne Stapelberg het einde verlede jaar 'n nuwe album uitgereik waarop sy saam met die Universiteit Stellenbosch se Simfonie-orke (USSO) sing.

Die album, getiteld *Opera Gala*, is in 'n konsert met operamusiek tydens die 2013 US Woordfees in die Endlersaal opgeneem.

Corvin Matei, dosent aan die US Konservatorium, was die dirigent van dié konsert, wat twee keer tydens die US Woordfees aangebied is.

Stapelberg het musiek aan die Konservatorium gestudeer en neem steeds sang by Magdalena Oosthuizen. Sy het haar musikale opleiding begin met viool- en altvioollesse by Louis van der Watt, wat tans aan die US doseer.

As kind was sy ook lid van die Tygerberg-kinderkoor onder leiding van Hennie Look. Tydens haar studentejare was Stapelberg lid van

Kaapstad Opera se vokale ensemble en die Kaapstad Opera Ateljee.

Sy het op 22-jarige ouderdom haar operadebuut gemaak toe sy die titelrol in Puccini se *Suor Angelica* in Kaapstad gesing het.

Die album *Opera Gala* bevat bekende operamusiek. Dit begin met 'n vertolking deur die USSO van Glinka se ouverture tot *Ruslan en Ludmilla*. Verder speel die orke ook die prelude tot die derde bedryf van Wagner se *Lohengrin*.

Die arias wat Stapelberg sing, kom uit gewilde operas van Mascagni, Verdi en Puccini. Daar is ook tangomusiek van Piazzolla (uit sy tango-opera *Maria de Buenos Aires*) en Gimenez (uit *La Tempranica*). Stapelberg en die mezzosopraan Minette du Toit-Pearce sing ook duette: "Abends will ich schlafen gehen" uit *Hansie en Grietjie* van Humperdinck, en die bekend



Barcarolle van Offenbach.

Du Toit-Pearce is 'n sangdosent aan die Konservatorium.

Op die album hoor jy ook die Stellenbosse koor Canticum Novum.

Die orke en sangers het groot lof verlede jaar gekry vir hierdie konsert.

and diplomacy are interrelated and extremely complex. The publication explores these areas from a variety of doctrinal, trans-disciplinary and thematic perspectives."

DROP is aimed at researching "sustainable development law and policy" focusing on reconciling the tension between environmental sustainability, economic development, and human welfare with a holistic view of current legal, political, economic, social and cultural developments.

Flagship areas are expected to tackle aquatic, oceanic, atmospheric and energy-related justice questions. The book launch event was preceded by the first annual Climate

Change and Water Trans-disciplinary Forum held at SU and aimed at strengthening the exchange of multidisciplinary approaches in the water and climate change sector.

Change and Water Trans-disciplinary Forum held at SU and aimed at strengthening the exchange of multidisciplinary approaches in the water and climate change sector.



Prof Oliver Ruppel, Dr Katharina Ruppel-Schlichting and Prof Christian Roschman.

Photo: ADRIAN BAILLIE-STEWART

# BESTUUR *tyd* BETER

*Met 2014 volstoom aan die gang, begin die afspraak, spertye en lysies van werk wat gedoen moet word reeds op te hoop in die meeste van ons dagboeke. Hier is raad om jou tyd op kantoor beter te bestuur.*

Jou dagboek is reeds propvol en jy kry 'n beklemming dat daar eenvoudig nie genoeg tyd is om alles te vermag nie. Hoe gaan jy dit regkry? Tydsbestuur is die wagwoord. Hier is 'n paar wenke en riglyne om jou daarmee te help.

Prioritiseer take. Take kan in vier groepe verdeel word:

- Dringend en belangrik
- Nie dringend maar belangrik
- Dringend maar onbelangrik
- Nie dringend of belangrik

Wanneer jy besig is met belangrike werk en jou telefoon lui, mag dit dalk dringend wees om die foon te antwoord, maar nie belangrik nie. Daarom is dit soms beter dat die persoon 'n boodskap los, as dat jou aandag onnodig verbreek word. Deur genoeg tyd te maak om belangrike take vroegetydig af te handel sal jy heelwat krisisse afweer.

**Werk slimmer, nie noodwendig harder nie.** Goeie

tydsbestuur fokus op die gehalte werk wat gelewer word, nie die tyd wat daaraan spandeer word nie. Deur meer tyd by die werk of aan 'n taak te spandeer beteken nie jy is meer produktief of die eindproduk beter nie.

**Breek groot take op.** Dit is soms makliker om vir korter tye aan 'n groot of minder aangename projek te werk. Ruim dus daagliks tyd in om aan 'n projek te werk wat volgende week moet klaar wees.

**Vermyn perfeksonisme.** As jy altyd net met perfek tevredene is, gaan jy dikwels nie 'n taak afgehandel kry nie of jy gaan dit nie aanpak nie omdat jy bang is dit gaan nie perfek wees nie. Gee jouself genoeg tyd om jou beste te doen, voltooi die taak en beweeg aan.

**Doen een ding op 'n slag.** Terwyl baie van ons dink dat ons effektief aan 'n klomp goed gelyk kan werk, word daar geraam dat dit 'n mens se brein tot 20 minute kan neem om elke keer wat jy van taak verwissel te herfokus. Gee dus jou onverdeelde aandag aan belangrike take en probeer onnodige onderbrekings vermy.

**Bestuur jou verpligtinge.** Te veel verpligtinge kan spanning veroorsaak en daartoe lei dat jy nie spertye haal of al jou werk gedoen kry nie. Sê nee vir take wat nie belangrik is nie, deleger of kry vroegetydig hulp van kollegas wanneer jy sien jy gaan vasbrand.

**Bestuur jou e-posse.** Gebruik die volgende riglyne wanneer jy jou e-posse nagaan: Wis dadelik e-posse uit wat onbelangrik is of nie op jou van toepassing is nie; handel dié wat vinnig gedoen kan word, dadelik af; deleger versoeke of navrae wat beter deur iemand anders hanteer kan word of ruim tyd in om dit in 'n latere stadium te hanteer indien dit nie nou belangrik of dringend is nie.

Bronne: [www.corporatetraining.ie](http://www.corporatetraining.ie); [www.nhs.uk](http://www.nhs.uk)

Foto: istockphoto



# A custodian of heritage

*This month, Bongani Mgijima joins Stellenbosch University as the new director of the University Museum. With his extensive experience in the field of heritage and museum management, Mgijima is set to steer the Museum well into the 21st century.*



Bongani Mgijima

Photo: STEFAN ELS

Built in 1907, the University Museum is one of the landmark buildings and institutions in Stellenbosch showcasing much of not only the town's heritage but that of South Africa.

Until her retirement at the end of 2013, Dr Lydia de Waal has led the University Museum with great vision. Now Bongani Mgijima has been appointed to follow in her footsteps – and judging by his experience in museum management he is sure to lead the institution forward with SU's new Vision 2030 in mind.

"SU, like many other institutions in South Africa, has a very unpleasant past. It has always been seen as the intellectual home of apartheid. However, in recent years it has owned up to this past and committed itself to building an inclusive society. SU has also committed itself to become a 21st-century university – a university of the future. And I would like to be part of this future," says Mgijima.

After completing a BA degree and Post Graduate Diploma in Museum and Heritage Studies at the University of the Western Cape, Mgijima started his career in 1998 as curator of the Lwandle Migrant Labour Museum.

"I established it as the first township-based museum in the Western Cape, and also initiated the Lwandle Township Walk, which is the first and only township heritage tourism product in Lwandle," Mgijima explains.

It was during this time (in 2000) that he also did a museology internship at the Bildmuseet, a contemporary art museum in Umeå, northern Sweden. In 2002, he became manager of the Worcester Museum, heading the biggest open-air museum in the Western Cape.

Mgijima furthered his career in government as deputy director of museums and heritage resources in both the North West Province and the Western Cape. From 2009 until 2012, he was director of the Albany Museum in Grahamstown, which is affiliated to Rhodes University.

Before joining SU, Mgijima was head of cultural heritage at the City of Cape Town.

As the new director, Mgijima plans to align the University Museum with SU's positioning as a university of the 21st century. "In the first instance I would like to position the museum so that it supports SU's three pillars of learning and

teaching, research and innovation, and community interaction. This can be done through museum programmes and projects, making the museum collections available for research purposes, and ensuring that the museum becomes a space for community interaction," he says.

Broadening access, sustaining excellence, and enhancing social impact – as stated in SU's "Institutional Intent and Strategy (2013–2018)" – has also become part of Mgijima's vision for the museum.

"We can broaden access by expanding the scope of the museum collections to become a microcosm of our society, by employing technology to reach new audiences, and by using the museum space as a forum for public debates, for instance," he says.

Mgijima's plans to sustain the momentum of excellence include encouraging interdisciplinary use of the museum's collections, opening up the museum for innovative research areas, and establishing strong partnerships with academic departments.

"To enhance the museum's societal impact, I will endeavour to solicit outside funding for community programmes, as well as work with other partners to engage in highly visible programmes which affirm the museum as an inclusive space," Mgijima says.

## More on the University Museum

The University Museum is based in the Eben Dönges Centre, formerly the Bloemhof School for Girls, and was used as a school until 1986. It was declared a National Monument in 1979. Sasol Limited donated a substantial amount of money to restore and transform the building into a cultural centre. It opened its doors in 1991. It houses the University's permanent collection of paintings, graphic works and sculptures, as well as an anthropological collection and a cultural history section.





Bev Witten, Senior Director: Alumni Relations, her husband Al Witten, and their son Dane Witten (first-year physiotherapy student) at the welcoming ceremony at the Tygerberg campus.



Die Matie-eerstejaars van 2014 het Donderdag 23 Januarie duisende bio-afbreekbare helium-ballonne by Coetzenburg-stadion die lug in gestuur – simbolies van die drome wat hulle vir hul toekoms het. Studente het hul drome op die ballonne geskryf en dit toe alles gelyk losgelaat. Van die drome wat dikwels voorgekom het, was om verlief te raak, voluit te leef, te groei in hul geloof en suksesvol in hul studies te wees.

Foto: JUSTIN ALBERTS



Die Departement Wingerd en Wynkunde het 'n skenking van die vate-maatskappy Radoux ontvang. Die skenking behels die gebruik van hul vate (ter waarde van R6 000) vir voorgraadse studente. Op die foto van links na regs is Edmund Lakey (eerste tegniese beampte), Daniel Reyneke, Solomon Monyamane, Anthony Sanvido (al drie studente), en William Collins (van Radoux).

*Sincerely Yours*

PETER AND BENITA CYSTER  
M: +27 (0)82 850 9007

GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"  
E: info@lumleysplace.co.za  
www.lumleysplace.com



In a first for the University, student leaders signed a declaration on Tuesday, 21 January, in which they accept joint responsibility for the achievement of SU's vision of an inclusive, innovative and future-oriented institution. The declaration strengthens the ambition of SU and the Rector, Prof Russel Botman, to promote a welcoming culture at Maties. Pictured here are Botman, SRC Vice-Chairperson Renita van Zyl, SRC Chairperson MJ Dippenaar, and Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector: Learning and Teaching.

Photo: HENNIE RUDMAN

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

**TE KOOP:** Philips-kleur-TV, 32dm R300. Netjiese bypassende TV-tafeltjie/telefoontafeltjie met sitplek langsaan, R290; ower TV-tafeltjie, R40; 2 enkelbeddens met matrasse, R270 elk; verskeie stoele, R40 tot R190. Skakel 072 219 9265.

**MOTOR TE KOOP:** Polo Classic 1.4i, 73 000 km, 1 eienaar, 2000-model, gereelde versienings (dienste), R39 750 o.n.a., kontant. Skakel 072 219 9265

### SAAMRY / LIFTS

**Stellenberg/Vredeklouf – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Near Karl Bremer Hospital – Stellenbosch:** Existing lift club looking for a person with a car to join. Working hours 08:00 till 16:30. Contact nmalherbe@sun.ac.za.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Vanaf 1 Februarie 2014, vanaf Maandag tot Vrydag. Kantoorure 08:00 tot 16:30. Kontak 021 808 9522 of mirandak@sun.ac.za.



Prof Razeen Davids (Department of Medicine), his wife Gadija, and son Thaabit (first-year medical student) at the welcoming ceremony at the Tygerberg campus.